Maart 2023

TUINROETE EN KLEIN KAROO

12 – 19 September 2023

NADERE BESONDERHEDE

PRYS: R17 850 plus ongeveer R400 vir fooitjies

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Opwindende bustoer in Tuinroete en Klein Karoo
- Sewe nagte in Wildernis in die Wildernis Hotel
- Twee etes per dag
- Besoeke aan Knysna, Mosselbaai, George, De Rust, Heroldsbaai en Victoriabaai
- Ry deur Meiringspoort en besoek die waterval
- Besoek die Groot Boom in Hoekwil
- Besigtigingstoere en uitstappies op die plekke wat ons besoek.
- Ervare Suid-Afrikaanse toerleier vergesel die groep

NIE BY DIE TOERPRYS INGESLUIT NIE

- Vlugte na en van George lughawe. Kontak gerus vir Benita by Fernweh Travel by benita.venter1@gmail.com vir binnelandse vlugte. Tel: 072 935 3679
- Reisversekering, wat kansellasiedekking insluit, waaroor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Fooitjies vir busbestuurder en hotelpersoneel. U betaal dit vooraf sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die fooitjies beloop ongeveer **R400**
- Reisversekering, wat kansellasiedekking insluit, waaroor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Ligte middagetes (sien program)
- Bybetaling vir enkel-akkommodasie (indien van toepassing): ongeveer R3 000
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings

BEREKENING VAN TOERPRYS

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die landreëlings (akkommodasie, vervoer ens.) en kan aangepas word indien omstandighede buite ons beheer dit noodsaak.

INSKRYWING

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito ***tesame*** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u ***volle name soos dit in u ID verskyn!***

TOERDEPOSITO

Die toerdeposito van **R2 000 per persoon** is met inskrywing betaalbaar. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór **12 Junie** betaal word. Indien u ná 12 Junie inskryf, moet u die volle toerprys betaal sodra u die Omsendbrief met die Verdelingsvorm (rekening) kry.

WYSE VAN BETALING

- **Bankdeposito/EFT:** Word d.m.v. 'n bankdeposito of elektroniese oorplasing aan CvW-Toere gemaak.
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

Bankbesonderhede:

Christine van Wyk-Toere
Standard Bank Tjekrekening (Lopende rekening / *Current account*)
Takkode: **051001**
Tjekrekeningnommer: **410 722 782**

NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings (nie die toer se naam / u noemnaam nie).

KANSELLASIE

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes:

Die toerdeposito is ongelukkig nie terugbetaalbaar nie.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word gestuur aan almal wat inskryf.

Indien die toer weens omstandighede buite ons beheer, soos bv. die sluiting van provinsiale grense, nie kan plaasvind nie, sal die toer na 'n latere datum uitgestel word. U sal die opsie hê om die toer uit te stel sonder verlies van u deposito en/of toergeld.

OMSENDBRIEWE

Nadat ons u inskrywing ontvang het, sal ons d.m.v. e-pos-omsendbriewe met u kommunikeer, onder andere in verband met klere wat u moet saamneem, inligting oor versekering, finale betaling van die toerprys, vertrekreëlngs ens. ***Laat weet ons asseblief skriftelik indien enige van u kontakinliging soos adres, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.***

GESONDHEID EN TOERFIKSHEID

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heeltyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.